

2/6/71

2.5/71

G.P.S.

J. 443

In the Supreme Court of South Africa In die Hooggeregshof van Suid-Afrika

(APPELLATE DIVISION).
AFDELING).

APPEAL IN CRIMINAL CASE.
APPEL IN STRAFSAK.

WYNAND CAREL JOHANNES SCHEEPERS

Appellant.

versus/teen

THE STATE

Respondent.

Appellant's Attorney Israel S. & S. Respondent's Attorney A.G. (Pta.)
Prokureur van Appellant Prokureur van Respondent

Appellant's Advocate ADV. G. Jansen Respondent's Advocate ADV. P.M. BEKKER
Advokaat van Appellant Advokaat van Respondent

Set down for hearing on
Op die rol geplaas vir verhoor op

24 - 8 - 1971

6.8.9

(T.P.D.)

JANSEN, A.R., RABIE A.R., MULLER, A.R.

- 9.45 - 10.30 am.
- 10.30 - 11.00 am.
- 11.15 - 11.20 am.
- 11.20 - 11.23 am.

L.A.U.

1.10.71. Jansen A.R.
 Appelant mag die skuldveroordeling aan
 Vinnis, word toegesê gestel.
 [Signature]

we granted by the court

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-APRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen :

WYNAND CAREL JOHANNES SCHEEPERS Appellant.

en

DIE STAAT Respondent.

Coram: JANSSEN, RABIE et MULLER ARR.

Verhoor: 24 Augustus 1971. Gelewer: 1.10.1971.

U I T S P R A A K.

JANSSEN AR:-

Ongeveer 11.40 vm. op 30 November 1969

het trein No. 7650 Katlehongstasie, distrik Alberton,

met die hooflyn genader. By die wissel waar n lisspoor

links afdraai om agter die perron om te loop wat 600 voet

verder teen die hooflyn geleë is en waar die trein moes

gaan stilhou, het die elektriesaangedrewe motorwa wat

die /.....

die trein getrek het, met n blanke spoorwegdienaar gebots, hom 60 vt. vorentoe gedra of geslinger en hom oombliklik gedood.

Die appellant, die drywer van die trein, is gevolglik in die Landdroshof Alberton van strafbare manslag aangekla, alternatiewelik oortreding van art. 24 van Wet 22 van 1960 (gelees met ^{Reg.} ~~art~~ 172(d) en (f) van die Treinbedryfsregulasies), nl. dat hy "wederregtelik die veiligheid" van die oorledene "in gevaar gebring het deur n versuim, te wete terwyl hy n drywer was nie een lang fluit gegee het om dienare wat naby die lyn gewerk het te waarsku nie en/of hy nie een lang fluit gegee het nie terwyl hy persone naby die lyn gesien het". Hy is aan die hoofaanklag skuldig bevind en gevonniss tot n boete van R100-00 of by wanbetaling 50 dae gevangenisstraf. Teen die skuldigbevinding het hy na die Transvaalse Provinsiale Afdeling sonder wetslae geappelleer. Hy kom nou met toestemming van hierdie Hof in hoër beroep.

Uitgesonderd die appellant self, was daar

geen/.....

geen ooggetuies van die botsing nie. Ongeveer 6 of 10 treë vanaf die punt van die peron was daar egter n span van 20 Bantoes besig om die grond tussen die hooflyn en die lisspoor skoon te skoffel. Een van hulle, James Gwetsi, het opgelet dat die oorledene, hul spanbaas, by hom verbyloop in n suidelike rigting (d.w.s. in die rigting van die genoemde wissel), maar hy het nie gesien wat van hom geword het nie, want hy (Gwetsi) het gewerk met sy rug in daardie rigting. Volgens hom het hy eers van die trein bewus geword toe hy die sirene hier vlak by hom hoor (ongeveer 6 treë van hom af) en sou hy die geskral gehoor het as die sirene wel vroeër in werking was.

Ondanks weersprekings en onduidelikhede kom die relaas van die appellant op die volgende neer.

Ongeveer n halfmyl vanaf die genoemde wissel, net nadat hy onder n brug deur gery het, het hy die span Bantoes gesien werk naby die punt van die peron, links van die hooflyn (trouens hy het hulle reeds vroeër die oggend

met/.....

met die heenreis gesien). Toe het hy sy "sirene lank geblaas volgens regulasie". Die tussenhuissinjaar, ongeveer halfpad tussen die brug en die wissel ("ongeveer 400 - 500" treë vanaf die wissel), en, verder vorentoe, die huissinjaar, was albei groen. Hy het niks op die spoor gewaar nie. Toe hy die huissinjaar nader, moes hy opkyk om dit dop te hou. Hy gaan dan voort:-

"Ek het iets by wissels gewaar toe ek huissinjaar nader. Na ek huissinjaar verby is het my oë outomaties na wissels gesak, moet daarna kyk, en iets opgemerk wat lyk soos mens se gesig aan die regterkant van spoor. Op die dwarslêers by inrywissels. Toe hy sy kop optel het ek dit gesien. Hy het op hurke gesit, bo-op dwarslêers langs inrywissel. Dwarslêers van die spoor, nie die los dwarslêers. Sy gesig was na my toe. Hy was donker geklee. Hy het gereageer soos een wat nie weet wat om te doen nie. Omrede hy het regop gestaan, na my gekyk, hy het soos een gemaak wat nie weet of hy na regs of links moet gaan nie. Toe spring hy regs voor my in voor die trein. Hy het probeer oorgaan, sal ek sê, na bantoes se kant. Maar voor hy sy voet oor spoor kon sit het, het hy besluit - altans toe draai hy om na linkerkant, hy was met sy een been alreeds oor die linkerspoor. Toe kyk hy weer na my vir die eerste keer. Toe was ek vyf treë (aangedui) van hom

af. Hy het net gekyk en hy kon dit nie maak nie, waarop hy weer op sy hurke gaan sit het met sy gesig na my toe. Hy probeer toe keer, sy kop vasgryp. Outomaties het ek al regop gestaan. Gesien ek stamp hom uit met regterkant. My remme was alreeds aan vir platform. Met een rytuig sou ek op platform gestop het, maar het besluit om in te trek tot in platform. Ek wou intrek omdat ek bevrees was vir insidente as ek weg was van platform, dat bantoes my onder klippe sou steek. Dit is iets wat gebeur.

Toe ek oorledene gewaar was ek ongeveer 100' van hom af. Afgesien van wit gesig het ek gesien dat hy op sy hurke sit. Hy was aan my regterkant aan die kant van spoor buite die spoor op dwarslêer, nie dié wat gestapel was nie.

My spoed toe ek hom gewaar was omtrent 40 m.p.u. Dit is normale spoed. Daar is spoedbeperking van 55 m.p.u.

Oorledene het op donker agtergrond gesit. Dit het oggend effens gereën en die dwarslêers en ballas swart gemaak. Dit was betrokke.

Ek kon ongeluk nie vermy het deur aanslaan van remme nie. Distansie was te kort. My remme was alreeds aan vir platform. Van skrik het ek orent gekom en wou net sirene trap, dit gesoek met voet, dit is op vloer. Ek het baie geskrik.

Ek het alles in my vermoë gedoen om ongeluk te vermy. Distansie was te kort."

Elders sê die appellant dat die huissinjaal 100vt. vanaf

die/.....

die wissel is. Sy relaas gaan aan dat na die botsing hy weer die sirene gebruik het om die Bantoes naby die perron te waarsku, aangesien hulle toe nog almal met die rug na hom gewerk het. Onder kruisverhoor verduidelik hy ook dat net voordat hy die oorledene raak gesien het, hy om dieselfde rede reeds op die punt gestaan het om weer die sirene aan te skakel.

Volgens die landdros het die appellant 'n "powere figuur geslaan", was sy relaas onwaarskynlik en "mank aan ernstige weersprekings en teenstrydighede". Hy het James Gwetsi se getuienis dat hy die beweerde eerste geskiet van die sirene nie gehoor het nie en dat hy dit sou gehoor het as daar wel so iets was, in verband gebring met die appellant se verklaring aan die polisie: "Ek het nie die trein se sirene geblaas toe ek die stasie genader het nie". Hy het gevolglik Gwetsi, wat 'n goeie indruk gemaak het, geglo. Die appellant se getuienis het die landdros as "uiters on-oortuigend en onaanvaarbaar" verwerp.

Aldus/.....

Aldus het die landdros tot die bevinding geraak dat die appellant nie die sirene voor die ongeluk gebruik het nie, en hy het op grond hiervan die appellant aan die hoofaanklag skuldig bevind. In die alternatief stel die landdros dit in sy rede dat al sou die appellant se relaas ook waar wees, hy nogtans tot dieselfde konklusie sou moes kom. Hy motiveer sy stelling min of meer soos volg: toe die appellant die oorledene sien, was hy reeds op die punt om weer die sirene se pedaal te trap om die Bantoes te waarsku, maar hy doen tog niks nie - hy trap nie die pedaal nie en hy slaan sy remme nie harder aan nie. Dit sou die "spontane reaksie" van die redelike drywer gewees het, en n waarskuwing deur die sirene toe, en n verdere vermindering van die trein se spoed, sou die oorledene in staat gestel het om uit die pad van die aankomende trein te kom.

Op appèl het die Hof a quo die alternatiewe basis vir skuldigbevinding nie aanvaar nie. Dit was van oordeel dat op grondslag van die appellant se eie relaas dit nie bo redelike twyfel vasstaan dat as die appellant,

toe/.....

toe hy ongeveer 100vt. vanaf die oorledene was, die sirene in werking gestel het en die remme harder aangeslaan het, die botsing nie sou plaasgevind het nie. Die Hof het gemeen dat hier op die gebied van spekulاسie beweeg word. Daarmee moet saamgestem word. Teen die spoed van 40 m.p.u. (die appellant se skatting) sou daar minder as twee sekondes verloop vanaf die oomblik toe die appellant die oorledene gesien het en die botsing, en deel daarvan sou verbruik moes word deur die twee betrokkenes se reaksietye. Maar in ieder geval, volgens die appellant se getuienis moes die oorledene bewus gewees het van die trein net toe die appellant hom gesien het, of onmiddellik daarna, en tog het hy nie daarin geslaag om uit die pad te kom nie. Op die appellant se eie relaas sou dus nie bevind kon word dat daar n oorsaaklike verband bestaan tussen die dood van die oorledene en enige versuim van die appellant om sy remme harder aan te slaan of sy sirene in werking te stel net toe hy die oorledene gesien het nie. In ieder geval sou, soos die

Hof a quo ook noem, die appellant toe ook in n onverwagte noodtoestand verkeer het, waar n fout moontlik nie te streng beoordeel sou moes word nie.

Wat verwerping van die appellant se relaas betref, was die Hof a quo van oordeel dat, ondanks alle gebreke in die appellant se getuienis, dit tog redelik moontlik waar kon wees dat die appellant nie die oorledene eerder gesien het nie omdat lg. in die omstandighede moeilik sigbaar was. Dit word nie betwis dat dit vroeër die oggend gereent het nie, en dit blyk ook uit ander getuienis dat die oorledene in n donker grys uniform geklee was, dat daar stapels dwarslêers (vier op mekaar, 20dm. hoog) regs langs die spoor by die wissel was, asook hopies ballas ongeveer 18dm. hoog, en los spoorstawe. As die oorledene aan die regterkant gehurk op die dwarslêers van die spoor gesit het, langs die wissel, dan is dit glad nie onmoontlik dat sy donker uniform met sy omgewing, verdonker deur die reën ~~was~~, sou saamsmelt het nie. Soos die Hof uitwys, het die Staat geen

getuienis/....

getuienis voorgelê wat hierdie moontlikheid bo redelike twyfel uitskakel nie. Dit is moeilik om nie hiermee saam te stem nie, veral aangesien die landdros nie uitdruklik hierdie aspek behandel het nie.

Die Hof a quo was egter, soos die landdros, oortuig dat die getuienis toon dat die appellant nie die sirene voor die botsing aangeskakel het nie, en dat op grond hiervan die skuldigbevinding gehandhaaf moes word. Die Hof was van oordeel dat as die appellant wel die sirene in werking sou gestel het "as he was obliged to do, both by the fact that he knew there were Railway employees working in the vicinity of the line and by the duty cast upon him by the Train Working Regulations", die oorledene dit sou gehoor het; en as lg. nie reeds op die spoor was nie, hy nie daarheen sou beweeg het nie, of as hy reeds daar was, hy sou padgegee het. Aldus sou die botsing dan nie plaasgevind het nie, en moet die versuim van die appellant as nalatigheid aangemerkt word, wat die dood van die oorledene veroorsaak het.

Met /.....

Met beide howe se bevinding dat die appellant nie sy sirene voor die botsing in werking gestel het nie, kan weinig fout gevind word. Dit is egter n vraag of daardie versuim op nalatigheid ten aansien van die oorledene neerkom. Dit wil voorkom asof die Hof a quo van oordeel was dat die appellant die sirene moes aangeskakel het net nadat hy die brug verby is, toe hy die span Bantoes ongeveer n halfmyl vorentoe gesien het. Maar sou die redelike drywer voorsien het dat om te wag tot bv. by die wissel, voordat hy die sirene gebruik, gevaar vir iemand sou inhou? Dit is moeilik om hierop bevestigend te antwoord. By wyse van nabe- tragting blyk dit dat n geskal van die sirene by die wissel voldoende waarskuwing vir die span Bantoes langs die spoor, bykans 600 vt. daarvandaan, sou gewees het en daar blyk op die getuienis geen rede te wees waarom die redelike drywer dit anders sou voorsien het nie. -In 41- betoog is, namens die Staat, die oorledene vereenselwig met die span Bantoes; maar dit is moeilik om in te sien hoe die

redelike/.....

redelike drywer ooit sou kon voorsien het dat die oorledene nie by sy span sou wees nie, maar wel amper 600 vt. daarvandaan, feitlik op die spoor - waar hy skynbaar geen pligte gehad het om te vervul nie en selfs nie geregtig was om te werk sonder dat stappe gedoen is om aankomende treine te waarsku nie.

Die redelike moontlikheid dat selfs die redelike drywer in die bepaalde omstandighede nie die oorledene sou gesien het voordat hy ongeveer 100 vt. van hom af was nie, is reeds hierbo aanvaar. Selfs hy sou toe nie iets kon gedoen het om die botsing te vermy nie, en waar dit blyk dat ook hy nie sou voorsien het dat daar iemand op die spoor by die wissel kon wees nie, kan beswaarlik bevind word, op algemene beginsels, dat die appellant in die omstandighede nalatig teenoor die oorledene opgetree het, deur nie die sirene aan te skakel voor die botsing nie.

Selfs as die Treinbedryfsregulasies

in /

in hierdie verband as n soort leidraad kan dien

(SA Railways v. Bardeleben, 1934 AD 473, 481), voer

Regulasie 172 (d) en (f) nie juis die saak verder nie.

Dit lui:-

"n Drywer moet een lang fluit gee -

(d) om dienare wat aan of naby
die lyn werk, te waarsku;

(f) wanneer persone of diere op
of naby die lyn gesien word."

Waar dit gaan om nalatigheid teenoor die oorledene
kom hierdie voorskrifte nie te pas nie, aangesien dit
nie bo redelike twyfel vasstaan dat die appellant ðf
die moontlike aanwesigheid van die oorledene by die
wissel behoort te voorsien het ðf in ieder geval hom
betyds behoort te gesien het om "een lang fluit" te
gee nie.

Of die appellant op die alternatiewe
aanklag skuldig bevind kan word, nl. oortreding van
art. 24 van Wet 22 van 1960 (gelees met Regulasie 172
(d) en (f)), is n vraag wat nie besondere aandag in
betoog geniet het nie. Trouens, dit is skynbaar by

die 7/.....

die verhoor en sedertdien grootliks oor die hoof gesien, omdat die aandag op die hoofaanklag toegespits was.
A Nogtans moet dit ondersoek word.

Aangesien die aanklag gekoppel is aan die in gevaar bring van die oorledene se veiligheid, is slegs n versuim om die sirene aan te skakel vóór die trein die wissel bereik het ter sprake. Moes die appellant nou ingevolge Regulasie 172(d) voor hy daardie punt bereik het die sirene aangeskakel het om die span Bantoes "te waarsku"? Op grond van oorwegings soortgelyk aan dié hierbo genoem in verband met die kwessie van nalatigheid, sou dit moeilik wees om op die getuienis tot sodanige gevolgtrekking te kom. Of die appellant versuim het om Regulasie 172(f) na te kom, is n vraag wat egter nie sonder meer so afgehandel kan word nie.

Die appellant het wel "persone naby die lyn gesien" toe hy onder die brug uitkom, nl. die span Bantoes.


Moes hy toe dadelik die sirene aangeskakel het? M.i. kan Regulasie 172(f) nie so letterlik geles word nie: dit hou ook n grondslag van waarskuwing in (of in die

geval /

geval van diere, verwildering). Dit is bv. haas
ondenkbaar dat die Regulasie beoog dat gefluit moet
word bv. sodra n dier gesien word, ongeag van hoe
ver vorentoe dit nog is en ongeag hoe effektief die
gefluit sal wees. As ook hier waarskuwing die doel
is en dit n bepalende faktor is van "wanneer" gefluit
moet word, dan is dit moeilik om op die beskikbare
getuienis te bevind dat die appellant versuim het om
Regulasie 172(f) na te kom deur nie "een lang fluit"
te gee voordat hy die wissel bereik het nie. Ook t.o.v.
die alternatiewe aanklag moet ^{bevind} ~~aanvaar~~ word dat die Staat
nie sy saak bewys het nie.

Die appèl slaag - die skuldigbevinding
en vonnis word ter syde gestel en vervang met: "Onskuldig
op beide die hoof- en die alternatiewe klag".

E.L. JANSEN.



APPÈLREGTER.

RABIE AR. }
MULLER AR. } Stem saam.